Harvesters MINISTRIES
Opening the Way

Februarie 2024





## Ook in hierdie uitgawe:


2 Kweek geestelike herlewing in Europa

4 Transformerende Opleiding in Suid-Afrika


# Woud-leraars




In Openbaring 7:9 sien vind ons die beeld van 'n baie diverse versameling mense wat "elke nasie, stam, volk en taal" verteenwoordig en wat voor die Troon van God staan. Ons onlangse ekspedisie na die woude van Suid-Amerika, waar ons stam-leiers gaan oplei het, het 'n tasbare blik gegee op hoe hierdie beeld vergestalt word.

Ten spyte van die uitdaging om klein vliegtuigies deur hewige storms te moet navigeer, het ons 'n versteekte woud-nedersetting bereik om Fase A van die Harvesters opleidingsprogram aan te bied. Ons harte is met vreugde gevul namate leraars ons oorweldig het met getuienisse van evangelisasie en kerke wat in afgeleë plekke geplant is.

Die Harvesters leraars, wat hulself daaraan toewy om onbereikte stamme te dien, het selfs so ver as tien dae gereis om hierdie kosbare opleiding te kan bywoon. Een leier het sy dankbaarheid so uitgedruk: "Die opleiding verander ons ingesteldheid, vergroot ons kapasiteit en skep geleenthede vir huidige en toekomstige generasies."

In een dorpie, het 'n stamhoof uitsonderlike entoesiasme vir die opleiding getoon, en selfs sy eie tolk gereël. Hierdie hoofman het 'n diep liefde vir sy mense, 'n mooi hart en 'n kostelike sin vir humor. Hy het die visie van evangelisering en om kerke binne sy eie stam te vestig entoesiasties aangegryp.

Die toewyding van hierdie leraars, wat kies om eerder in afgeleë gebiede te bly as om te verhuis na moderne stede, was werklik verblydend. Dit is duidelik dat hulle geheel en al verbind is daartoe om die Evangelie te deel met mense wat andersins geen toegang daartoe sou hê nie.

'n Brasiliaanse sendeling vir hierdie stamme verklaar: "Ek glo dat God die krete van Sy geliefdes gehoor het op [hierdie rivier] en ons word genooi en toegerus. Dit is waarom ek my tuisdorp, Rio de Janeiro, agtergelaat het om hier te wees. Ek wil wees waar God is!"

Toe ons hierdie versteekte woud-nedersetting verlaat, kon ons nie anders as om na te dink oor 'n aangrypende stelling wat een leraar gemaak het nie: "Soms daag God op en doen iets wat regtig mooi is, omdat Hy die verlorenes lief het."






NE0224a_AF email



# Kweek geestelike herlewing in Europa

Regoor die wêreld is Harvesters nou al vir meer as 25 jaar vurig besig om kerke te plant en leraars op te lei. Nou onderneem ons 'n opwindende nuwe reis, naamlik om ons voetspoor in Europa te vergroot.

Die Here het in 2023 verskeie deure oopgemaak vir Harvesters. Tot dusver het ons ons visie en metodologie aan leraars in Spanje, Duitsland, Nederland, Italië, Bulgarye, Verenigde Koninkryke, Griekeland, Denemarke en Frankryk bekendgestel – binnekort sal Finland, Swede en Noorweë ook by hierdie lys gevoeg word.

Laasjaar het Harvesters die geleentheid gehad om aan die *Opwekking* konferensie in Nederland deel te neem. Meer as 60 000 moontlike vennote, dissipelmakers, evangeliste en kerkplanters was teenwoordig. Dit was 'n geseënde tyd en geleenthede en uitdagings is met leiers oor Europa heen gedeel.

### Godsdienstige neigings

Europa is 'n unieke sendingveld met 'n ryk Christelike erfenis en geskiedenis, maar dit word toenemend sekulêr.

Volgens 'n studie, wat in 2010 gedoen is deur *Pew Research Centre*, identifiseer 19% van Europeërs as Protestante Christene. Min van hulle woon egter gereeld kerk by. Ongeveer die helfte van Europeërs wat aan die opname deelgeneem het sê dat geloof 'n minder belangrike rol speel in hul land as 20 jaar gelede, en dat dit minder waarskynlik is dat volwassenes onder 40 'n godsdienstige verbintenis sal hê as vorige generasies.

Verder word die godsdienstige landskap geskud deur die invloed van Islam, groeiende individualisme en materialisme, besige leefstyle en immigrasie neigings.

Die Moslem bevolking, wat toegeneem het van 10.5 miljoen in 1010 tot 26 miljoen in 2016, groei as gevolg van hoër vrugbaarheidskoerse – meer as die volgehoue migrasie na Europa vanuit Noord-Afrika en die Midde-Ooste. En vooruitskatting van *Pew Research Centre* voorspel dat Moslems teen 2050 14% van die Europese bevolking kan uitmaak.

In teenstelling hiermee is Europa se nie-Moslem bevolking aan die afneem omdat sterftesyfers die geboortesyfers oorskry. Dit is 'n groot uitdaging vir die kerk. Dit is nou meer belangrik as ooit om 'n vermenigvuldiging benadering tot kerkgroei toe te pas.



'n Huiskerk in Frankryk.





Opleiding in Spanje.

Migrasie na Europa bied egter ook geleenthede. Die hele wêreld word deur hierdie streek verteenwoordig en die potensiële omvang van die invloed wat ons kan hê is enorm. Dit is waarom een van ons kern fokusgroepe in Nederland juis die immigrante bevolking is.

### Dissipelmakers

Na 25 jaar se kerkplanting en opleiding van leraars in Afrika, Asië en Suid-Amerika gaan Harvesters nou hierdie ervaring uitbrei na die Westerse wêreld. Die Bybelse metodologie om na alle nasies te gaan en van hulle dissipels te maak (Matteus 28:19-20) bly die onveranderde mandaat van die kerk.

Ons Dissipelmakerskursus – die benaming gebaseer op hierdie mandaat – is beskikbaar aan kerke enige plek in Europa. Dit bied ‘n Bybelse raamwerk vir evangelisasie, dissipelskap en kerkplanting.

In Madeira, in Spanje, getuig leraar David dat die kursus sy kerk gehelp het om te besef dat hulle moet terugkeer na die basiese beginsels en dat hulle die Evangelie een-vir-een met vriende, familie, kollegas en bure moet deel.

“Ons moet toegerus word en opgelei word om ons denke te vernuwe oor die deel van die Evangelie, sodat dit op ‘n vars manier aangebied kan word” het hy verduidelik. “[Mense in my kerk] is baie entoesiasties noudat hulle die riglyne en gereedskap het om … dissipels te maak.”

In ooreenstemming hiermee sê Leraar Clayton in Le Havre, Frankryk, dat dissipelskap nog altyd belangrik was vir sy kerk, maar dat die gebrek aan sukses met alles wat hulle probeer implementeer het, hulle ontmoedig het. “Deur aan Harvesters bekendgestel te word het ons ‘n proses gevind. Alles wat ons voorheen gedoen het, het doodgeloop en ons het moeg geraak, maar nou het ons ‘n proses met mylpale en stappe,” verduidelik hy. “Ek het moed vir die toekoms. Ons glo dat ons binne die volgende paar jaar vermenigvuldiging sal ervaar.”

‘n Paar maande later het Harvesters ‘n bemoedigende getuienis van Clayton ontvang met betrekking tot die impak van ons opleiding. “God het nuwe dissipels by ons kerk gevoeg en ons het onlangs twee van hulle gedoop,” het hy gejubel.

### Meer as net ‘n kursus

Volgens Ian Stanton, Harvesters se Kontinentleier vir Europa, geniet dissipelskap tans ‘n prominente posisie in besprekings oor die hele Europa heen. Hy merk op dat dit ‘n gonswoord is by elke konferensie en dat die Dissipelmakerskursus dien as ‘n invalshoek vir hierdie gesprek.

Dissipelmakers gaan egter selfs verder; dit ondersoek die natuurlike gevolg van evangelisasie en dissipelskap onder nuwe gelowiges, naamlik kerkplanting.

Die kursus verbreed sy fokus deur aan leraars en kerke gereedskap te verskaf om te herfokus en vir blywende verandering. Harvesters duik kop eerste in om die opgewondenheid oor dissipelskap in Europese kerke te ontgin sodat hulle aan die voorpunt daarvan kan wees om gelowiges te bemagtig en blywende impak te hê.

Hierdie impak word versinnebeeld by ‘n kerk in Ternozen in Nederland waar gelowiges ander evangeliseer en vurig bid vir hul redding. Dit is opmerklik dat ‘n nuwe kerk aan die ontstaan is – ‘n tasbare gevolg van die onderrig wat deur die Dissipelmakerkursus daargestel is.

### Wat hou die toekoms in

In terme van die toekoms, is ons visie vir Europa omvangryk. Ons wil bou op die suksesse en eerste stappe wat ons in 2023 geneem het – gereed vir voortgesette groei. Die Dissipelmakerskursus word reeds uitgebrei met materiaal wat vertaal word na verskeie Europese tale en ‘n Dissipelmakers App wat ontwikkel word.

Dit mag dalk wel ‘n relatiewe nuwe sendingveld wees vir Harvesters, maar die Gees is reeds aan die werk en berei grond voor wat oënskynlik onbewerkbaar voorkom.

Die woorde van Steven Loots, die stigter en hoof uitvoerende beampte van Harvesters, lui: “Die Evangelie is oral dieselfde en mense moet weet van Jesus, so dis die begin. Sodra jy mense aan Jesus voorstel en hulle bymekaar bring het jy ‘n kerk. Dus, alhoewel die kultuur dalk in sommige opsigte meer uitdagend is en daar dalk weerstand mag wees, is dit ‘n blywende feit dat die Evangelie die mag het om te red en daarom gaan ons die Evangelie verkondig en kerke begin.”

Bron: Pewresearch.org



Harvesters deel die visie in Nederland.

NE0224a_AF email

# Transformerende Opleiding in Suid-Afrika



Suid-Afrika het onlangs, deur God se groot genade, 'n hele rits aktiwiteite en oorwinnings ervaar. In die Transkei omgewing, in Motherwell, is Fase B opleiding aangebied vir 40 Hub-leiers. Hierdie Hub-leiers het gedurende hul eerste jaar van opleiding 24 kerke geplant. Leraar Victor Befile, wat verantwoordelik is vir die vertaling van Harvesters se materiaal na Xhosa, het die proses as verrykend ervaar. Hy sê: "Dit was 'n insiggewende proses, want ek het die geleentheid gehad om te leer terwyl ek vertaal."

Verder oos, in Mboza (in die noorde van KwaZulu-Natal), het 38 leraars hul Harvesters-opleiding voltooi na drie jaar se harde werk. Die werk van hierdie groep het tot gevolg gehad dat 120 kerke geplant is en dat 1 000 gelowiges ook dissipels geword het.

Een uitsonderlike getuienis van transformasie is dié van Leraar Mathenjwa, wat in Mei sy opleiding sal voltooi. Dít wat Leraar Mathenjwa geleer het uit voorvader aanbidding was vir hom aanstootlik. Die Gees het om daarvan oortuig om sy ou lewe agter te laat en die ware Evangelie te aanvaar.

Eer aan God vir alles wat hy in Suid-Afrika en elders doen.


Harvesters
MINISTRIES

**www.harvestersministries.com**

Telefoon: **021-300-5629**

E-pos: **info@harvestersministries.com**

Adres: **Eenheid 9, Tazra Park 2 • Stuart Close • Somerset West Business Park • Somerset-Wes , 7130**



HARVESTERS MINISTRIES IS 'N GEREGISTREERDE NIE-WINSGEWENDE- EN OPENBARE WELDAADSORGANISASIE ORGANISASIE (NPO EN PBO).


## Dissipelmakers

Ons het 'n nuwe weergawe van ons suksesvolle Dissipelmakers-kursus bekendgestel, wat ontwerp is om kerke met dissipelskap en groei te ondersteun. Ons loof die Here vir hierdie sukses. Na aanleiding van vyf-en-twintig jaar se ondervinding en sukses met ons evangelisasie, kerkplanting, leraar opleiding en dissipelskapstrategieë in meer as 87 lande, kom hierdie kursus terug na die basiese Bybelse beginsels. Die fokus is op die boodskap en metodologie van Jesus om die wêreld met die evangelie te bereik.

As jy meer wil leer oor die Dissipelmakers-kursus of ons wil nooi om dit by jou kerk te kom aanbied, kontak ons vandag nog.

## Help om die *weg te baan* sodat die wêreld Christus kan leer ken

Elke R 2 400 wat ingesamel word sal ons in staat stel om ...

- ☑ 'n leraar op te lei
- ☑ 3 kerke te plant
- ☑ 'n Bybel te voorsien
- ☑ ongeveer 300 mense te bereik en van hulle dissipels te maak.

**Maak vandag 'n blywende verskil deur te gee!**

**Baie dankie.**

Bankbesonderhede vir direkte inbetalings:
Harvesters Ministries, ABSA Bank,
Rekeningnommer: 4075041297,
Takkode: 632005
Verwysing: "NE0224AFEM"+[jou naam]

Ander opsies om 'n bydrae te maak:
**GEE AANLYN** via ons webblad OF volg die QR kode om via Zapper of Snapscan te gee: